



Hierdie nuusbrieff is gepubliseer deur die Departement van Waterwese en Bosbou

Die BBV regulasies is gepubliseer en die Departement van Waterwese en Bosbou is gereed om BBV's te registreer. Dankie vir u bydraes gedurende die proses om die regulasies te finaliseer.

DIE REGISTRERING VAN BBV'S SAL VELDBRANDE HELP BEKAMP

Die Departement van Waterwese en Bosbou se regulasies wat voorsiening maak vir die registrering en bemagtiging van Brandbeskermingverenigings (BBV's) is op Vrydag, 16 Mei 2003 aangekondig en het op 1 Augustus 2003 van krag geword.

BBV's is vrywillige organisasies wat deur grondeienaars gestig kan word om, kragtens die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande van 1998, veldbrande te voorkom, te voorspel, bestuur en te bestry. Onbeheerde veldbrande rig jaarliks ernstige skade aan eiendom, lewendehawe en die omgewing. Lewensverlies word elke jaar gely in veld-, bos- en bergbrande. Die plattelandse bevolking ly ook jaarliks geweldige verliese wanneer weiding, vee en behuising tydens die brandseisoen vernietig word. Die bosbou-nywerheid ly ook jaarliks groot verliese weens brande.

Grondeienaars landwyd het reeds BBV's gestig in afwagting op die regulasies. Die Departement van Waterwese en Bosbou (DWB) het reeds meer as 60 aansoeke om registrasie ontvang. Die meeste van die aansoeke kom uit die Oos- en Noord-Kaap. Sowat 40 ander groepe het aangedui dat hulle van plan is om BBV's in hul omgewing te stig.

Die Departement van Waterwese en Bosbou is gereed om die BBV's te registreer deur middel van 'n spesiaal-ontwerpte webwerf wat voorsiening maak vir BBV Registrasiebeheerstelsel. Aansoekers wat die betrokke vorms – wat beskikbaar is by elke kantoor van die Departement van Waterwese en Bosbou – voltooi het, behoort nie langer nie as 30 dae te wag vir registrasie. Spesiaal-opgeleide brand-adviseurs is landwyd beskikbaar om bystand te verleen met die stig van BBV's.

Geregistreeerde BBV's beskik oor 'n aantal magte en pligte. Die vereniging moet byvoorbeeld 'n brandbeheerstrategie opstel en implementeer wat die risiko van veldbrande in sy omgewing sal verminder. Dit impliseer ook samewerking met naburige gemeenskappe en BBV's.

Die prosedure vir die vestiging van 'n BBV – asook 'n voorbeeld van 'n grondwet – word in die regulasies vervat. Die aansoekproses vir die registrering van 'n BBV of BBB, is ook in die regulasies uiteengesit. Kopieë van die regulasies en vorms is beskikbaar by enige kantoor van die Departement van Waterwese en Bosbou. Besonderhede is beskikbaar op bl. 4.



Spesiaal-opgeleide brand-adviseurs van die Departement van Waterwese en Bosbou is landwyd beskikbaar om bystand te verleen met die stig van BBV's

WAT U VAN BBV

Wie kan 'n BBV stig?

Enige groep eienaars wat wil saamwerk om veldbrande te voorspel, voorkom, bestuur en bestry kan 'n BBV stig.

Wie is 'n eienaar?

'n Eienaar is iemand wat 'n titelakte van sy grond besit, asook 'n huurder van grond of iemand wat grond wettiglik beheer, die uitvoerende liggaam van 'n gemeenskap, die bestuurder van staatsgrond, die hoof-uitvoerende amptenaar van elke plaaslike owerheid of hul aangestelde verteenwoordigers in die geval van staatsgrond (insluitend grond wat aan die SANW behoort) en plaaslike owerhede.

Is eienaars verplig om hulle aan te sluit by die BBV in hul omgewing?

Vanweë die reg op vrye assosiasie wat in die Grondwet verskans is, is lidmaatskap van BBV's vrywillig, maar ook omdat grondeienaars hulle vrywilliglik moet verbind tot samewerking deur middel van BBV's. Die eienaars van staats- en munisipale grond is verplig om hulle by 'n BBV aan te sluit indien een in hul omgewing gestig word. Dit sluit gemeenskappe in wat in beheer is van grond wat deur die staat vir hulle in trust gehou word.

Wat moet die gebiedsgrense van 'n BBV wees?

Die Wet lui dat die gebied waarbinne 'n BBV gestig word, eenvormig moet wees met betrekking tot die gereelde voorkoms van veldbrande, veldbrandrisiko's, klimaatomstandighede asook die bosse of ander plantegroei. Die Wet dui egter nie aan presies hoe groot die gebied moet wees nie. Die gebied wat onder die BBV se gesag val, mag egter nie so groot wees dat die BBV nie sy pligte behoorlik kan nakom nie, en ook nie te klein om die koste van die stigting van 'n BBV te regverdig nie. Elke saak moet dus volgens sy eie meriete en omstandighede beoordeel word.

Wat word van Brandbeheerkomitees?

BBV's sal die bestaande Brandbeheerkomitees – wat gestig is ingevolge die Boswet van 1984 – vervang. Brandbeheerkomitees kan ook aansoek doen om kragtens die nuwe wetgewing as BBV's geregistreer te word.

Wie betaal vir die stig van 'n BBV?

BBV's behoort net gestig te word waar die voordele wat daardeur bereik word, die koste daaraan verbonde regverdig. In so 'n geval word van BBV's verwag om self die geld in te samel deur heffings aan lede. BBV's kan bepaal hoe heffings vasgestel word – wat ook kan impliseer dat sommige van die lede van die BBV vrygestel word van die verpligte heffing. Die BBV kan die geld bekom van die plaaslike regering se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (IDP) en deur die

plaaslike Rampbestuurbefondsing. Die Departement kan geld en bystand bied waar dit geregverdig is.

Wat moet gedoen word om 'n BBV op die been te bring?

Die inisieerders vir 'n BBV moet navrae doen en inligting inwin oor die stigting van so 'n vereniging. Rampbestuur en die Hoofbrandbeampte moet geraadpleeg word, asook al die grootste grondeienaars in die omgewing. Die eerste stap om 'n BBV te stig, is om 'n stigtingsvergadering te hou. Die vereistes vir so 'n vergadering word duidelik in die regulasies uiteengesit. Die stigtingsvergadering is die forum waar grondeienaars formeel kan besluit of hulle 'n BBV wil stig. Die inisieerders van die stigtingsvergadering moet alle redelike stappe doen om alle grondeienaars in die omgewing na die vergadering uit te nooi.

Hoekom moet 'n BBV geregistreer word?

Om te kwalifiseer vir die bystand wat die Wet bied en om die verpligtinge en magte te ontvang wat die Wet verleen. 'n Geregistreerde BBV kan byvoorbeeld reëls neerlê wat bepaal wanneer en hoe brandbane gemaak moet word.

Hoe word 'n BBV geregistreer?

Daar is twee stappe in die registrasieproses. Die eerste stap is om Vorm1 "aansoek om te registreer as BBV Deel 1" in te vul en aan die Departement Waterwese en Bosbou te stuur vir goedkeuring. Dit is noodsaaklik dat die Departement hom vergewis dat die aansoekers voldoen aan die basiese voorvereistes vir die stig van 'n BBV voordat tyd en moeite bestee word aan die invul van Vorm2. Die voorvereistes is:

- die naam van die BBV moet uniek wees;
- die gebied wat die BBV sal beslaan, moet aan die vereistes voldoen (nie te klein, te groot of oorvleuelend met 'n ander BBV se gebied nie);
- daar mag geen ander bestaande BBV in dieselfde gebied wees nie; en
- die plaaslike regering moet bewus wees van die te-stigte BBV.

Die tweede stap is die voltooiing en voorlegging van Vorm 2 "Aansoek om die registrering van 'n BBV en van die BBB Deel 2", tesame met die nodige dokumente:

- die notule van die stigtersvergadering;
- die grondwet van die BBV en
- die BBV se sakeplan wat die brandbeheerstrategie en reëls insluit.

Wanneer sal die Minister 'n BBV registreer?

Indien die Minister tevrede is dat die BBV instaat is om sy pligte te vervul kragtens die Wet en verteenwoordigend is van die eienaars in die gebied.



V'S MOET WEEET

Vorm 2 verseker dat die Minister genoeg inligting het om hieroor te besluit. Hy sal die lewensvatbaarheid van die aansoek bepaal op grond van die sakeplan wat aan hom voorgelê word. Die sakeplan is juis ontwerp om al die pligte van die BBV - wat kragtens die Wet aan hom toegeken word - uiteen te sit.

Wat is 'n sakeplan?

In Artikel 5 van die Wet word die pligte van die BBV uiteengesit. Die sakeplan spreek elk van hierdie pligte aan. Die Wet vereis bv. dat die BBV 'n brandbeheerstrategie vir sy gebied ontwikkel en toepas. Die Departement het riglyne opgestel om BBV's te help met die ontwikkeling van sakeplanne wat sentreer om die basiese vereiste van 'n beheerstrategie. Die riglyn is op sy beurt gegrond op die metode van risiko-ontleding en – bestuur. Die riglyne skryf die minimum vereistes en struktuur wat deur die Departement vereis word voor, vir die evaluering en goedkeuring van die sakeplan om die BBV instaat te stel om sy pligte na te kom. Afskrifte van die riglyne is beskikbaar by elke Departementele kantoor. Brandadviseurs van die Departement sal die BBV's bystaan met die opstel van hul sakeplan.

Hoe lank duur dit om 'n BBV te registreer?

Dit sal 'n maksimum van 30 dae duur om 'n voltooidde Vorm 1 te verwerk. Goedkeuring van hierdie vorm verleen aan BBV's die toestemming om Vorm 2 te voltooi. Wanneer Vorm 2 ingedien is, duur dit nog 30 dae waarin die Departement die aansoek evalueer. Indien die Minister instem dat die BBV geregistreer kan word, moet 'n registrasienommer en sertifikaat aan die BBV uitgereik word. Dit word in die BBV-register aangeteken. Indien die Minister besluit dat die BBV nie geregistreer mag word nie, moet hy of sy redes verstrek daarvoor en aandui watter stappe die BBV kan doen om die tekortkoming in die saak reg te stel.

Wie is die Brandbeheerbeampte?

Die Brandbeheerbeampte (BBB) is die hoof-uitvoerende amptenaar van die BBV. Kragtens die Wet het hy die gesag om brandbestryding in die gebied te bestuur. Indien daar 'n brandweerdien in die BBV se gebied is en die Hoof-Brandweerbeampte bereid is om die BBB te wees, sal hy of sy outomaties as sodanig aangestel word. Indien daar geen brandweerdien is nie of die Hoof-Brandweerbeampte onwillig is, kan die BBV iemand anders aanstel as BBB.

Moet die Brandbeheerbeampte geregistreer word?

Die BBB moet deur voltooiing van Vorm 2 by die Direkteur-Generaal van die Departement aansoek doen om geregistreer te word. Die DG sal die BBB registreer indien hy of sy seker is dat die BBB instaat sal wees om die Wet op 'n verantwoordelike manier toe te pas. Die DG sal die BBB se vaardighede en die ondersteuning wat hy van ander rolspelers byvoorbeeld die Sambreel-BBV sal geniet, in ag neem by die besluit.

KOSTE EN VOORDELE VAN BBV's

Daar sal koste betrokke wees met die stigting van 'n BBV, al is dit net die koste van die tyd om vergaderings by te woon. Wanneer 'n BBV geregistreer is, vereis die Wet verslagdoening aan die Minister oor brandvoorkoms en inligting om die brandgevaaraanslagstelsel voor te berei of in stand te hou. Die verslagdoening behoort niks meer te wees as wat die BBV self moet doen vir goeie bestuur nie.

Die Wet veronderstel nie dat BBV's gestig moet word in gevalle waar die koste daarvan meer is as die voordele wat dit sy lede kan bied nie. BBV's moet koste doeltreffend wees en daarom gestig word in gebiede waar die gevaar van brande die voordele van die kostes om so 'n vereniging te stig en te onderhou regverdig. Die regverdigbare vlak van die gevaar moet plaaslik bepaal word.

Voordele van BBV's

- Samewerking tydens die bestryding en voorkoming van veldbrande deur middel van veldbrandbestuurstrategieë wat deur die BBV's opgestel is;
- Kostebesparing deurdat duplisering van dienste soos rampbestuurbeplanning en landboubehearingsprogramme voorkom word;
- Afdwingbare reëls van die BBV's sal lede beskerm;
- Brandbeheerbeamptes sal die gesag hê om die bepalings van die Wet asook die reëls af te dwing ter beskerming van sy lede;
- Advies en bystand aan lede om te voldoen aan die statutêre vereistes vir paraatheid in die bestryding van veldbrande, insluitend die ontwikkeling van die nodige vaardighede;
- Beter kommunikasie tussen lede oor bv. veldbrandgevaar;
- Moontlike verligting van sekere voorkomingsmaatreëls soos die voorbereiding van brandbane, afhangende van die inhoud van die BBV se brandbestuurstrategie in sy sakeplan;
- Afname in die risiko van veldbrande na gelang die vaardighede van lede van die BBV toeneem;
- Vrye toegang tot navorsing oor die voorkoming en bestryding van veldbrande en die toepas van beheerde brande in bos- en veldbestuur wat in opdrag van die Minister gedoen word en
- Geen veronderstelling van nalatigheid in siviele eise in gevolge van skade waar 'n brand op een lid se grond skade of verlies op 'n ander persoon se grond veroorsaak het nie.



VISIE VAN 'n FUNKSIONERENDE BBV

OP JUL MERKE! – Die BBV beskik oor die struktuur en stelsels om veldbrande te bestry

- Die opstel van die brandbestuurstrategie sorg dat elkeen paraat is;
- Die brandbestuurstrategie het 'n behoorlike beoordeling van risiko en kwesbaarheid;
- Brandbeheer en voorkomingsmaatreëls is in plek;
- Daar is instemming oor reëls en die toepassing daarvan. Toerusting is gereed, werknemers is opgelei en alles voldoen aan die nodige wetsvereistes;
- 'n BBB is geregistreer en beskik oor gesag kragtens die Wet;
- Vroegtydige waarskuwingstelsels werk, word gekommunikeer en die reëls word prakties toegepas;
- Doeltreffende kommunikasie tussen lede, BBV's en ander dienste.

GEREED! – BBV paraat om veldbrande te bestry

- Eienaars weet wat hul verantwoordelikhede en pligte is en het dit reeds inge oefen;
- Die Munisipale Brandweardiens en Rampbestuurken hul onderskeie pligte – daar bestaan 'n gesamentlike gebeurlikheidsplan vir veldbrande;
- Gemeenskaplike bystandooreenkomste bestaan – ook met buur-BBV's;

- Ondersteuning is beskikbaar van die Sambreel-BBV (lug-ondersteuning);
- Gesamentlike Beheersentrum is in staat om bronne te koördineer;
- Gesamentlike Beheersentrum onder die beheer van een persoon bv. BBB;
- Alle organisasies betrokke by die brandbestryding is ingesluit en verteenwoordigers het die gesag om besluite te neem;
- Klem op koördinering van kommunikasie, hulpbronne ens.

GAANI! - BBV weet hoe om op te tree

- Brandbestuurders weet wat om te doen en hoe om dit te doen, aangesien hulle standaard-opleiding as bevelvoerders van veldbrandvoorvalle deurloop het;
- Die uitbreidingsprosedures is gereed – lede weet hoe die gesagstruktuur werk bv. van eienaar na brandbeheerbeampte na provinsie;
- Die standaard-bedryfsprosedures is bekend en word toegepas;
- Stelsels om bv. hulpbronne te bekom, is in bedryf;
- Nooddienste is toegerus om die nuwe-effekte van veldbrande bv. verkeerbeheer, ontruiming, ens. te hanteer.

'n Spesiale Bulletin oor BBV's

'n Spesiale bulletin oor die BBV's is beskikbaar by die kantore van die Departement van Waterwese en Bosbou. Dit is veral geskik vir enigiemand wat 'n BBV wil stig of hulp wil verleen met die stigting daarvan. Die bulletin is beskikbaar in Engels en Afrikaans. Dit bevat inligting en riglyne oor 'n hele aantal sake wat noodsaaklik is vir die stig van 'n BBV. Dit sluit in:

- 'n Opsomming van die regulasies wat op BBV's van toepassing is;
- Hoe om 'n stigtingsvergadering te hou;
- Hoe om 'n BBV te registreer – hoe om Vorm 1 en

2 in te vul;

- Die inhoud van 'n BBV se jaarverslag en grondwet;
- Die maatstawwe wat gebruik word vir die registrering van BBV's en BBB's.

'n Spesiale afdeling handel oor die sakeplan vir 'n BBV. Dit sluit in:

- 'n Opsomming van die vereistes waaraan 'n sakeplan moet voldoen;
- Stappe in die ontleding van veldbrandgevaar.

Nasionale kantoor en streekskantore van die Departement van Waterwese en Bosbou

| | Adres | Telefoon | Faks |
|---------------|---|-----------------|--------------|
| Nasionaal | Waterbron Gebou, Schoemanstraat 191, Pretoria | 012 336 6692 | 012 336 6660 |
| Oos-Kaap | Hargreaveslaan 2, King Williams' Town | 043 604 5400 | 043 604 5587 |
| Vrystaat | 2de Vloer, Sanlam Plaza Gebou | 051 430 3134 | 051 430 8146 |
| Gauteng | H/v Oos-Burger en Maitlandstraat, Bloemfontein | 012 392 1300 | 012 382 1304 |
| KwaZulu-Natal | 15de Vloer, Sanlam Plaza Oos Gebou, Schoemanstraat 285, Pretoria | 033 342 8101 | 033 394 1849 |
| Limpopo | Longmarketstraat 185, Pietermaritzburg | 015 516 0201 | 015 516 1062 |
| Mpumalanga | Magistraatkantoor - Gebou, Magistraatstraat, Makhado | 013 759 7300 | 013 755 4003 |
| Noord-Wes | 5de Vloer Prorum Gebou, h/v Brown en Paul Krugerstraat, Nelspruit | 013 759 7385 | |
| Noord-Kaap | 1ste Vloer Motsoedi House, Dr James Morokalaan | 018 384 3270 | 018 381 7407 |
| Suid-Kaap | Mmabatho | 018 381 3480 | |
| Wes-Kaap | H/v Knight en Steadstraat, Kimberley | 053 831 4125 | 053 831 5682 |
| | Demar Sentrum, Mainstraat, Knysna | 044 382 5466 | 044 382 5461 |
| | Strandstraat 17, De Goede Hoop Park, Bellville | 021 950 7100 | 021 946 3664 |

